# WET OP BEROEPSGESONDHEID EN VEILIGHEID 85 VAN 1993

## BYLAE D

**KENNISGEWING TEN OPSIGTE VAN ANDER MASJINERIE AS 'N STOOMKETEL KRAGTENS REGULASIE 9 (2) VAN DIE ALGEMENE MASJINERIEREGULASIES, 1988**

1. Elke werkgewer of gebruiker van masjinerie word by wet verplig om veiligheidstoerusting in verband met masjinerie te voorsien en iemand wat versuim om sodanige toerusting behoorlik te gebruik of daaraan peuter, begaan 'n misdryf.
2. Geen persoon wat in die onmiddellike nabyheid van masjinerie werk, mag enige los boklere, enige juweliersware of ornament, enige horlosie of sleutelketting, enige lang loshangende hare of enigiets dra wat in die bewegende dele van sodanige masjinerie opgevang kan word nie.
3. Tensy 'n toestel goedgekeur deur 'n inspekteur gebruik word, mag 'n dryfband nie opgesit of afgegooi word terwyl masjinerie in werking is nie, behalwe in die geval van 'n ligte band wat op die keëlvormige katrol van masjiengereedskap verplaas mag word ten einde die werksnelheid van sodanige gereedskap te verander.
4. Masjinerie wat in werking is mag nie skoongemaak, herstel, verstel of geolie word nie, tensy sodanige masjinerie deur 'n bevoegde persoon skoongemaak, herstel, verstel of geolie word wanneer dit ondoenlik is om sodanige masjinerie te stop.
5. Geen ander persoon as 'n bevoegde persoon mag die beskermde gebied van masjinerie wat in werking is, betree nie, en dan slegs as dit ondoenlik is om sodanige masjinerie te stop.
6. Geen persoon wat onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels is mag 'n perseel waar masjinerie gebruik word binnegaan nie.
7. Enige ongeluk of ander voorval wat die veiligheid van werknemers bedreig of waarskynlik sal bedreig, moet onverwyld aan die werkgewer of gebruiker van masjinerie aangemeld word.
8. Geen persoon wat oor masjinerie toesig hou en geen persoon wat masjinerie hanteer, mag 'n ander persoon magtig om sy werk te doen sonder die toestemming van sy hoof nie.
9. Enige persoon wat van voorneme is om masjinerie aan te skakel moet voordat hy dit doen, homself tevrede stel dat geen ander persoon in gevaar gestel word nie.

# OCCUPATIONAL HEALTH AND SAFETY ACT 85 OF 1993

## SCHEDULE D

**NOTICE IN RESPECT OF MACHINERY OTHER THAN A BOILER UNDER REGULATION 9 (2)**

1. Every employer or user of machinery is required by law to provide safety equipment in connection with machinery, and it is an offence for any person to fail to use such equipment properly or to interfere with them.
2. No person working in close proximity to moving machinery shall wear any loosely fitting outer clothing, any jewellery or ornament, any watch or key chain, and long loose-hanging hair or anything which may be caught up in the moving parts of such machinery.
3. Unless an apparatus approved by an inspector is used, no driving belt shall be shipped or unshipped whilst machinery is in motion, except in the case of a light belt which may be shipped on the coned pulley of a machine tool in order to alter the working speed of such tool.
4. Machinery in motion shall not be cleaned, repaired, adjusted or oiled, unless such machinery is cleaned, repaired, adjusted or oiled by a competent person when it is impracticable to stop such machinery.
5. No person other than a competent person shall enter the safeguarded area of machinery in motion, and then only if it is impracticable to stop such machinery.
6. No person under the influence of alcohol or drugs shall enter any premises where machinery is used.
7. Any accident or other incident which threatens or is likely to threaten the safety of employees shall be reported immediately to the employer, or user of machinery.
8. No person supervising machinery and no person operating machinery shall, without the permission of his superior, authorise any other person to do his work.
9. Any person intending to start a machine shall before doing so satisfy himself that no other person is endangered.

MY SAFETY SHOP
Powered By SafetyWallet

The Leader in all Occupational Health, Safety and Environmental Services

Tel: 010 9800 888
E-mail: sales@safetywallet.co.za
Web: www.safetywallet.co.za

Reproduced under Government Printers Authorization No.11672 dated 4 November 2013